

Gereformeerde Kerk Bellville – 2 Desember 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 6-2:1, 2 (Sb 12)

- 1 'n Eng'lestem het ek hoor juig, / wat aanswel uit die hemel aan:
"Nou moet voor God die Here buig / die magte teen Hom opgestaan:
want heil en krag en heerskappy / het God nou skitt'rend aan laat lig,
en Christus – so 'n glans het Hy / dat Satan blind daarvoor moes swig.
- 2 Nou sal die duiwel nimmermeer / kan opstyg uit die diepte^oomlaag,
nou sal hy hier ook nimmer weer / Gods uitverkoornes kan verklaag.
Vors Migael – die tyd was ryp / dat hy tot kragdaad aangegord,
die Satan in sy vuus sou gryp / en in die afgrond neer sou stort.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone^ooorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wérk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Gebed

Psalm 72:1, 2 (p. 360)

- 1 Gee aan die Koning, HEER, u regte / en u geregtigheid
aan Koningskind, dat Hy u knegte / kan rig met wys beleid.
Dan vind u volk weer 'n beskermer, / een wat hul saak besleg,
ellendiges weer 'n ontfermer / wat oordeel volgens reg.
- 2 O saalge ryk waar enkel vrede / oor berge^oen heuwels sweef;
die Vors na Gods geregtighede / sal heers oor wat daar leef;
waar Hy in strenge strafgedinge, / sy swaard die skede^oontruk,
die arme ophef en geringe, / maar neerslaan wie verdruk.

Skriflesing: Psalm 72; Heidelbergse Kategismus, Sondag 48

Kernvers: Psalm 72:1-2

O God, gee aan die koning u regte en u geregtigheid aan die seun van die koning. Laat hy u volk oordeel met geregtigheid en u ellendiges met reg. (Psalm 72:1-2 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 123: Wat is die tweede bede?

Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (a). Bewaar u kerk en laat dit groei (b). Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word (c), totdat die volkomenheid van u ryk kom (d), waarin U alles in almal sal wees (e).

(a) Ps 143:10; 119:5; Matt 6:33. (b) Ps 51:20; 122:6. (c) 1 Joh 3:8; Rom 16:20. (d) Open 22:20; Rom 8:22, 23. (e) 1 Kor 15:58.

Tema: Buig voor die ewige Koning

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in Afrika is dit nie meer vir ons snaaks om te hoor van 'n staat wat gefaal het nie. Daar is verseker ook mense wat om verskeie redes gretig staan en wag om te sien hoe ons eie staat gaan faal. En wanneer 'n mens van al die ongerymdhede hoor wat oor 'n klompie jare aan die gang is, lyk dit of Suid-Afrika op die randjie is van 'n staat wat gefaal het.

Nou wanneer sal 'n mens sê het 'n staat gefaal? Daar is 'n klompie elemente wat daarop dui dat 'n staat gefaal het. Dit wil nie sê dat 'n gefaalde staat nie 'n regering het. Daar is 'n re-gering, maar hy het kragteloos geword. Die ekonomie is aan flarde en armoede neem hand oor hand toe. Dienslewering op verskeie terreine laat veel te wense oor of bestaan een-voudig net nie. Hierdie dinge dra daartoe by dat rampokkers en dwelmbase aangaan asof hulle onaantasbaar is. Daar is gemeenskappe in ons land wat sal sê dat ons reeds 'n ge-faalde staat het, want die meeste van hierdie elemente is teenwoordig waar hulle woon.

Ons kan nou 'n vreeslike lang relaas afsteek oor die mislukkings van die regering en ons sal moontlik ook die vinger op die regte plekke sit waar daar herstel moet kom en wat anders gedoen moes word. Maar as ons daarmee klaar is, wat sal ons dan nou bereik buiten om miskien 'n bietjie beter te voel, want nou het ons ook kans gehad om van ons opgekropte frustrasies ontslae te raak. Maar op die ou end het ons nog net van ander mense gepraat en ons maak asof ons totaal onskuldig en onberispelik is. Maar is dit die waarheid?

Hier lei die Heilige Gees ons vanaand om die tweede bede van die *Onse Vader* te oordink. Van kleins af bid ons ewe lustig hardop saam: **Laat u koninkryk kom**. Weet ons regtig wat ons vir die Here vra wanneer ons daardie woorde bid? Het die dissipels geweet wat Jesus bedoel toe Hy hulle so geleer bid het?

Lees 'n mens deur die evangelie en die begin van die boek Handelingte wonder 'n mens of die dissipels begryp het waaroor die koninkryk gaan waarvoor hulle moet bid. Onder die Jode van daardie tyd was daar 'n verlange na die koms van God se koninkryk. Vanuit die Ou Testament is die volk deur die geestelike leiers wysgemaak dat God vir sy volk 'n koning sal gee wat die Romeine uit die beloofde land sal boender en hy sal op die troon van Dawid gaan sit en regeer soos sy voorvader Dawid. Selfs tot en met Christus se hemelvaart blyk dit dat die dissipels ook so oor die koninkryk van God gedink het. Gaan kyk maar wat vra hulle vir Jesus in Handelingte 1:6. Vir baie lank het die dissipels ook verstaan dat die koninkryk van God net iets buite hulle is waarvan hulle maar net die voordele kan geniet en dis al.

Die dissipels se verkeerde verstaan van die koninkryk van God is nie daaraan te wyte dat Jesus nooit oor die koninkryk van God gepraat het nie. Inteendeel, van die eerste oomblik af dat Jesus met sy verkondiging begin het, het Hy van die koninkryk gepraat. Hy het verskeie gelykenisse vertel om die koninkryk van God te verduidelik. En uit Jesus se verkondiging moes dit tog duidelik geword het dat die koninkryk van God niks met 'n militêre mag te doen het wat die Romeine gaan uitboender nie. Die koninkryk van God gaan oor die geregtigheid van God en 'n vrede onder die regering van die beloofde Messias. As Jesus begin verkondig, sê Hy:

Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie. (Markus 1:15 AFR53)

Jesus het nie iets nuuts of anders kom verkondig nie. Sy verkondiging het honderd persent aangesluit en voortgevloei uit die openbaring in die Ou Testament. Israel, as die uitverkore volk van die Here, moes niks anders wees as die koninkryk van God nie. Daarom het Hy hulle so ernstig deur sy profete opgeroep om God se heerskappy oor hulle te erken en volgens sy wil te leef. Daarom kon Israel uit volle bors sing van God as hulle Koning (vgl. Ps 145:1). Daarom het God 'n man soos Dawid aangestel as koning oor sy volk en die belofte gemaak dat daar altyd iemand uit Dawid se nageslag op die troon sal sit.

Maar wanneer 'n mens die reeks konings volg wat oor Israel regeer het, is die een teleurstelling op die ander daar. Ja, daar was konings wat gehoorsaam aan die Here regeer het en die Here vertel dat hulle gedoen het wat reg is in sy oë. Maar daar was ook slegte en korrupte konings wat die volk van die Here af weg verlei het. As gevolg van daardie tekortkomings van menslike konings het die verlange na 'n beter koning gegroei. En die volk het tot die Here geroep vir so 'n koning. Dit is waaroor Psalm 72 dan ook gaan. Dit is 'n gebed vir die Koning wat regverdig sal regeer. Selfs Salomo en Dawid het gebid dat daar 'n Koning moet kom wat vir ewig sal regeer – **totdat die maan nie meer is nie en solank as die son daar is.** (Psalm 72:7, 17 AFR53)

Hierdie gebed van die gelowiges uit die Ou Testament is verhoor in Jesus Christus. Jesus is gebore as Koning uit die nageslag van Dawid. Tog was Jesus se heerlikheid as Koning vir baie mense baie lank verbloem. As Kind het Hy grootgeword in die veragte dorpie Nasaret. As volwassene het Hy nie eers 'n plek gehad om sy kop neer te lê nie, wat nog te sê 'n paleis. En toe die tyd aangebreek het dat Hy Jerusalem vir die laaste keer moes binnegaan, ry Hy nie op 'n vorstelike perd nie, maar op 'n nederige donkie. Hy dra 'n kroon van vernedering, Hy word pers klere omgehang omdat die soldate met Hom spot. Sy eie mense verwerp Hom en laat Hom veroordeel word tot die kruisdood en bokant Hom word ironies en profeties geskryf: Jesus van Nasaret Koning van die Jode. Baie mense sou dink dat daarmee die hoop van Israel verpletter is. Dit is net nog 'n mislukking.

Maar dan gebeur daar dinge wat bevestig dat Jesus werklik die Koning is wat God aan sy volk gegee het. Deur sy opstanding bevestig die Heilige Gees dat Jesus werklik die Christus is, die Seun van God. Hy vaar veertig dae later op na die hemel om aan sy Vader se regterhand op die troon te gaan sit. Hy lewe en Hy regeer tot in ewigheid.

Sy regering is ter wille van sy Vader. Deur sy regering deur sy Gees en Woord bring Christus heerlikheid aan sy Vader. Daarom oordeel Hy die volk van sy Vader met geregtigheid en die ellendiges met reg. In oorvloed stort Hy geestelike seënige sowel as materiële seënige oor die mense uit wat sy Vader as kinders aangeneem het – die mense vir wie Hy aan die kruis gesterf het.

In hierdie Koning kan jy jou vertrou stel. Hy regeer met regverdigheid en nie met misleiding nie. En sy regering is so volmaak dat die kinders van God nooit iets kortkom nie. Maar die kinders van God dink nie altyd so nie. Daarom gebeur dit dat gelowiges brom en grom oor wat die Here in hulle lewens beskik. En dan dink hulle dat hulle met selfbeskikking beter sal doen as wat Jesus dit doen. Dan dring hulle hulleself op die troon waar Jesus hoort. Kort voor lank kom hulle agter dat hulle nie die regering van hulle lewens eers behoorlik kan hanteer nie. Hulle is op pad na 'n totale mislukking. Wanneer die Heilige Gees hierdie oor-tuiging by die gelowiges werk, draai Hy hulle terug na Christus toe.

Skaam-skaam kom die gelowige dan terug en vra vergifnis en genade by die Here. Jesus is nie die Koning wat met veragting na sy dienskneg kyk wat vuil en gekneus is vanweë sy of haar eiewysheid nie. Ja, skaam en nederig kom die gelowige terug, maar ook met vertroue, want daar is oorweldigende versekering in die stem van die Koning:

Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.
(Hebreërs 4:16 AFR53)

Hoor jy gelowige, watter soort Koning het God vir jou aangestel. Jesus Christus is die Koning wat die gebrokene van hart nie wegwys nie, maar ophef en herstel. Hy is die Koning van die konings, maar nooit te besig om persoonlike aandag aan jou te gee nie. Hy is die Here van die here, maar nooit so verhewe dat Hy Hom nie met jou probleme wil ophou nie. Hy is die glorieryke Koning voor wie jy en elke ander gelowige met vertroue kan buig en aanbid. Laat ons dan voor Hom buig en bid vir sy oorwinning.

In die tweede bede hoor ons daar is nog iets onvoltooid. Gelowiges vra in die bede dat God sy koninkryk moet laat kom. Maar hoe moet 'n mens dit dan nou verstaan? Jesus het gesê die koninkryk het naby gekom en in die gebed leer Hy ons om te vra dat die koninkryk moet kom.

Deur Christus en sy werk as Verlosser het die koninkryk inderdaad in die wêreld duidelik deurgebreek. Hy het sy Vader se wil volmaak volbring, maar die koninkryk is nog nie in sy volheid weer op die aarde teenwoordig nie. Geen mens gehoorsaam die Here volkome nie. En boonop is daar nog vyande op die aarde en in die lug wat die koms van die koninkryk van God teenstaan en wil verhoed.

In Psalm 72 hoor ons ook hiervan. Let op vers 4: Midde-in die reg en verlossing wat die Koning vir die volk van God verskaf, hoor ons van 'n verdrukker wat verbrysel word. In vers 8 tot 10 kry ons weer die tema van die vyande. Die Koning se heerskappy strek tot aan die eindes van die aarde. Maar dit kan alleenlik gebeur omdat die vyande onderwerp is – hulle sal die stof lek.

Wat doen die Here om sy vyande te onderwerp en sy koninkryk te laat kom? Die koninkryk van God brei uit onder mense wat hulle bekeer en in Jesus Christus glo. Die Heilige Gees het so 'n mens deur die wedergeboorte uit die ryk van die duisternis oorgebring in die ryk van die lig. Onder leiding van die Heilige Gees keer so 'n mens hom dan weg van die duivel en sy werke, en keer hom om na God toe sodat hy sy wil kan hoor en gehoorsaam. Daarom, wanneer gelowiges die Vader vra: **Laat u koninkryk kom**, vra hulle onder andere dat die Here sy kerk moet laat groei.

Hierdie groei van die kerk vind nie net in getalle plaas nie, maar ook in die lidmate se verhouding met en tot die Here self. Daarom word daar ook gevra dat die Here sy kerk sal bewaar. Die Here moet sy kerk bewaar van die invloede en aanvalle wat van buite op die kerk geloods word.

Die Here Jesus het inderdaad die slang se kop vermorsel toe Hy aan die kruis gesterf het, maar die duivel is nog nie finaal oorwin nie. Die duivel is beslis bestem vir die hel, so leer die Here ons. Daar is geen hoop vir hom nie. Hy sal die stof lek. Maar dit het nog nie gebeur nie.

Nou loop die duivel rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Elke liewe dag is die gelowiges op die slagveld omdat die Heilige Gees die koningsheerskappy van

Christus in hulle lewens vestig. Daarom kan 'n gelowige nooit houtgerus raak en dink hy is veilig nie. Die duiwel gebruik enige gemene manier om gelowiges tot 'n val te bring. Hy gebruik gesiene mense wat dwalings versprei. Hy gebruik vooraanstaande mense wat sy agenda sal bevorder sodat die mense al minder die dodelikheid van die sonde raaksien. Hy gebruik selfs mense baie naby aan gelowiges om hulle te verlei tot sonde.

Daarom bid jy, gelowige, ernstig dat die Here sy koninkryk moet laat kom. Jy vra dan dat die Here sy oorwinning oor die duiwel sal bevestig deur die werke van die duiwel – dit is elke mag wat teen die Here se heerskappy opstaan – sowel as alle kwaadwillige planne wat teen die heilige Woord bedink word te vernietig. Eers wanneer al die werke van die duiwel en alle kwaadwillige planne totaal vernietig is, sal die volkomeheid van die ryk van God kom. Dan sal elkeen Hom erken as die enigste lewende God en Jesus Christus as die Here. Wanneer die koninkryk so in sy volkomeheid gekom het – dit is op die nuwe aarde – sal God alles in almal wees. Dan sal elke lieve mens gewillig en volkome die wil van God doen tot lof en eer van die Here.

Laat elke gelowige aanhoudend buig voor die Koning en bid dat sy oorwinning oor die duiwel en die sonde aan die kruis ook in hierdie wêreld al duideliker word. Wanneer gelowiges bid vir die bekering van al die uitverkorenes en die vernietiging van die duiwel se werke, beteken dit nie dat die koninkryk net daar buite die gelowige moet kom nie. Inderwaarheid, bid die gelowiges ook vir hulle daaglikse bekering wanneer hulle vra dat die koninkryk moet kom.

Binne-in elke gelowige is daar nog 'n natuurlike opstandigheid. Daar is pogings van die gelowige om die heerskappy oor te neem deur Christus van die troon te verdring. En daar is ook soms blatante opstandigheid wanneer die gelowige moedswillig en doelbewus doen wat hy weet die Here hom verbied. Daarom vra die gelowiges in hierdie bede ook: **Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp.**

Die gelowiges erken Christus se heerskappy in hulle lewens, maar vra ook dat die heerskappy van Christus sal toeneem in hulle lewens. 'n Gelowige in wie die koninkryk van God al meer en meer kom, is die gelowige wie se lewe daarop toegespits is om God se koninkryk en sy wil te soek. Dit gaan vir hom nie meer oor homself nie. Hy vra vir alles en doen alles wat tot bevordering van die Here se eer en heerlikheid sal wees.

Geliefdes, ons het aan die begin gesê ons kan maklik praat oor gefaalde state en regerings. En ons het gevra of ons geheel en al onberispelik is. Elke gelowige wat die leisels vir sy lewe uit die hande van die Heilige Gees wil loswikkels, moenie dink dat hy die seggenskap oor sy lewe gaan kry nie. Hy gee die seggenskap met sy moedswilligheid net so oor aan die duiwel en die regering van die duiwel is gedoem.

Buig eerder voor die Koning wat God aan jou gegee het. Hy is die Koning op wie jy ten volle kan vertrou, want Hy het sy lewe vir jou gegee. Onderwerp jou aan sy gesag en hoe langer hoe meer sal jy die seën van sy regering in jou lewe beleef.

Amen!

Slotgebed

Psalm 72:10, 11 (p. 363)

- 10 Laat al die volke^o uit wydste kringe / aan Hom hul dank bewys
vir matelose seënninge, / en Hom gelukkig prys.
Klim op, my lof, na hoër sfere! / Van bowe kom die seën;

want Isr'els God aan Hom die ere! – / doen wonders, Hy alleen.

- 11 Sy Naam, bo alle naam verhewe, / sy uit eerbiedenis
die volle roem en eer gegewe / so lank daar wêreld is!
En laat so ver die sonlig bewe, / so ver die sonpyl skiet,
sy heerlikheid die aarde^oorswewe! / En “Amen” sê my lied!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 Desember 2018